**Maandag 1 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 47:1-10; HK Sondag 18**
**Fokusgedeelte: Psalm 47:3, 4 (1933/53- en 1983-vertaling)**

## Is Hy regtig Koning oor die hele aarde?

Psalm 47 sê dit met soveel sekerheid: *"Hy is die Groot Koning oor die hele aarde; Hy het volke aan ons onderwerp en nasies aan ons onderdanig gemaak"* (vs 3b, 4). Ek hóór dit, gló dit, wíl dit graag glo … Maar, ai tog, waarom spook die twyfel weer vandag by my?

Is dit my eie twyfelagtigheid? Of dalk die duiwel wat my uitlok? *"Het God régtig gesê dat Hy die Groot Koning oor die hele aarde is wat volke aan julle onderwerp? Het Hy julle nie vertel van mý heerskappy nie? Kyk rondom jou en sien hoe mense mekaar verniel en hulle rug op jou God draai. Weet jy hoeveel mag ék het?"*

Hoe oorwin ek hierdie aanslag? Sal ek begin Psalms sing en op ramshorings blaas om dié bose gees te verdryf? Prysliedere oor God se koningskap om die twyfel dood te maak? Myself soos 'n ballon oppomp sodat dit na geesdrif en sekerheid lyk? Sal ek met die verleier begin redeneer om hom tot ander insig te bring?

Nee, ek sal gewoon by die Waarheid bly en aan Hom vashou. Die Waarheid is 'n Persoon. Jesus Christus. Die "waarheid" is nie wat ek rondom my sien gebeur nie. Die Waarheid is reeds geopenbaar en word só deur ons geglo en bely: *"... dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur, deur wie se krag ons soek wat daarbo is, waar Christus aan die regterhand van God sit, en nie wat op die aarde is nie"* (HK v/a 49).

*Sing: Psalm 47-1:4*

*Ds. JA (Johan) Schutte (Sasolburg)*